
Graad 7 EAT: Volksverhaal

Lees die onderstaande mite en beantwoord die vrae wat volg.



WAAROM LEEF SEEKOEIE IN WATER?

Baie lank gelede in Afrika, was dit baie warm en die son het elke dag op die aarde neergebak. Die diere het baie sterk velle soos 'n pels, vere of skubbe gehad om hulle teen die son te beskerm.

Seekoei se vel was nie so sterk nie. Soos hy groter geword het, het sy vel gerek en dunner geraak. Toe hy volwassenheid bereik het, was sy vel so dun dat die son hom maklik gebrand het. Sy vel het uitgedroog en gekraak. Dit het baie pyn en ongemak veroorsaak.

Eendag, toe Seekoei dit nie meer kon verduur nie, het hy na die Skepper toe gegaan en gevra: "Kan ek asseblief in die rivier gaan bly?" Die Skepper het met deernis na Seekoei gekyk en gesê: "Ja my vriend, jy mag, maar soos met alles moet jy eers toestemming by die rivierdiere kry."

Seekoei het vir Visarend, Krokodil en Otter gevra: "Mag ek asseblief saam met julle in die rivier bly? Kyk na my dun vel! Dit is gebars en baie seer. Die koue water sal vir my groot verligting bring."

Die rivierdiere was 'n bietjie selfsugtig en ook bekommerd. Nadat hulle daaroor nagedink het, sê hulle vir Seekoei: "Nee, ons kan dit nie toelaat nie! Kyk na jouself! Jy is vreeslik groot en jy sal al die visse in die rivier opvreet. Dan sal daar geen kos vir ons wees nie."

Seekoei sê vir die rivierdiere: "Julle hoef regtig nie bekommerd te wees nie. Ek eet nie vis nie. Ek sal slegs die gras en die rivierplante eet." Die rivierdiere het nog steeds getwyfel en het dit nie geglo nie.

| |
|---|
| Toe sê Seekoei vir hulle: "Ek belowe om elke dag my mond wyd oop te maak, sodat julle kan sien dat daar geen visgrate of skubbe in my mond is nie. Ek sal ook my mis met my stert oopsprei, sodat julle kan sien dat daar nie bene in is nie." Dit het die rivierdiere oortuig.<br><br>Van daardie dag af het die rivierdiere Seekoei toegelaat om in die rivier te bly en Seekoei sal altyd sy mond wyd oopmaak en sy mis met sy stert oopsprei.<br><br>[Vertaal en aangepas uit: African Folktales and Legends deur G Lee ] |

Vrae

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Identifiseer die hoofgedagte van die storie. | (1) |
| 2. | Waarom wou Seekoei in die rivier bly? | (1) |
| 3. | Hoe het die ander rivierdiere daaroor gevoel dat Seekoei saam met hulle woon? Hulle was…<br><br>a) bly<br><br>b) hartseer<br><br>c) bekommerd<br><br>d) opgewonde | (1) |
| 4. | Waarom kon Seekoei in vrede saam met die ander rivierdiere leef? Gee twee redes. | (2) |
| 5. | Waarom kan ons sê dat die ander diere selfsugtig is? | (1) |
| 6. | Waarom sal seekoeie volgens die storie, altyd met hul monde wawyd oop staan? | (1) |
| 7. | Waarom was Seekoei se vel dunner as die ander diere s'n? | (1) |
| 8. | Wat sou met Seekoei gebeur het indien hy nie toegelaat is om in die rivier te bly nie? | (1) |
| 9. | Wat moes Seekoei die ander diere belowe voordat hulle hom toestemming gegee het om in die rivier te bly? | (1) |

**TOTAAL [10]**

Memorandum

| Nr | | Punt | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1 | 'n Seekoei wat in die rivier wou bly. | 1 | 4 |
| 2. | Seekoei het 'n ernstige probleem want sy vel het in die son uitgedroog en het begin bars ¬⊏ en hy het gedink dat die water verligting vir sy vel sou bring. ¬⊏ | 1 | 2 |
| 3. | Bekommerd | 1 | 1 |
| 4. | Hy het geen vis geëet nie/eet net plante<br><br>Hy sou nie 'n bedreiging vir die ander diere wees nie. | 2 | 2 |
| 5. | hulle was nie bereid was om hul kos met Seekoei te deel nie. ¬⊏ | 1 | 4 |
| 6. | om te wys dat hulle nie vis eet nie. | 1 | 1 |
| 7. | Soos hy gegroei het, het sy vel gerek en dunner geword. | 1 | 2 |
| 8. | Hy kon baie siek word/sterf, want hy moet in die water bly sodat sy vel nie uitdroog/bars nie.<br><br>OF<br><br>Hy kon na 'n ander gebied trek om na water te soek | 1 | 5 |
| 9. | Seekoei moes belowe dat hy nie enige van die vis in die rivier sou eet nie., en hy sou sy mond elke dag wyd oopmaak vir inspeksie,en hy sy mis met sy stert oopsprei vir inspeksie. ¬⊏ | 1 | 3 |